
Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

VISUELE KUNSTE

Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

# Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring




## Verdere Onderwys- en Opleidingsfase
## Graad 10-12

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# KURRIKULUM- EN ASSESSERINGBELEIDSVERKLARING
# GRAAD 10-12

ÉcoleBooks

# VISUELE KUNSTE



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**Departement van Basiese Onderwys**
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357 3000
Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465 1701
Faks: +27 21 461 8110
Webtuiste: http: //www.education.gov.za

**© 2011 Departement van Basiese Onderwys**

**ISBN: 978-1-4315-0623-1**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

# VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor 'n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geÏnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te onsluit;
- Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- 'n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het 'n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was 'n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir 'n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.

ÉcoleBooks

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)* wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik diè vir Graad R-9 en Graad 10-12 in 'n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, gealmalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op 'n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is 'n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

(a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;

(b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.

**MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP**
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

# INHOUD

**AFDELING 1: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING ........ 3**

**1.1 Agtergrond ........ 3**

**1.2 Oorsig ........ 3**

**1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum ........ 4**

**1.4 Tydstoekenning ........ 6**

1.4.1 Grondslagfase ........ 6

1.4.2 Intermediêre Fase ........ 6

1.4.3 Senior Fase ........ 7

1.4.4 Graad 10–12 ........ 7

**AFDELING 2: VISUELE KUNSTE ........ 8**

**2.1 Wat is Visuele Kunste? ........ 8**

**2.2 Spesifieke doelstellings ........ 8**

**2.3 Gegewe Tydstoekenning vir Visuele Kunste ........ 9**

**2.4 Oorsig van Onderwerpe en gewigtoekenning ........ 9**

**2.5 Inhoud ........ 10**

**2.6 Onderrigriglyne ........ 13**

2.6.1 Konseptualisering deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees ........ 13

2.6.2 Die maak van kreatiewe kunswerke, hantering van proses en aanbieding ........ 13

2.6.3 Visuele Kultuurstudies: klem op visuele geletterdheid ........ 14

**2.7 Vordering ........ 15**

**AFDELING 3: KWARTAALPLANNE ........ 16**

EcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

AFDELING 4: ASSESSERING ........ 41

4.1 Inleiding ........ 41

4.2 Informele daaglikse assessering ........ 41

4.3 Formele assessering ........ 41

4.3.1 Formele assesseringsvereistes ........ 41

4.3.2 Tipes formele assessering vir Visuele Kunste ........ 43

4.4 Opname en verslag ........ 45

4.5 Moderering van assessering ........ 46

4.5.1 Formele Assessering (SGA) ........ 46

4.5.2 Praktiese Assesseringtaak (PAT) ........ 46

4.5.3 Finale praktiese eksterne eksamen ........ 46

4.6 Assesseringkriteria vir praktiese werk Visuele Kunste (FET) ........ 47

4.7 Algemeen ........ 47

ADDENDUM A ........ 50

ADDENDUM B ........ 53

ADDENDUM C ........ 56

WOORDELYS ........ 64

# AFDELING 1

## INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

### 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesseringsaangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad *R-12* te vervang.

### 1.2 Oorsig

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:

(i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;

(ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012).*

ÉcoleBooks

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:

(i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole),* gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en

(ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 7 Mei 2005.

(c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrawe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012),* gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:

(i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;

(ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124,* in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;

(iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005;


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

(iv) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoeftes*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12;* en

(v) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot* die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing, No. 1267*, in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.

(d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12.* Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

## 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.

EcoleBooks

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:

- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
- om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
- om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
- om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.

(c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:

- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
- *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

*Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van ‘n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- begryp die wêreld is ‘n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort ‘n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010).*


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## 1.4 Tydstoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

| VAK | GRAAD (UUR) | GRAAD 1-2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 8/7 | 8/7 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| Lewensvaardighede<br>• Aanvangskennis<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | 6<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | 6<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | 7<br>(2)<br>(2)<br>(2)<br>(1) |
| **TOTAAL** | **23** | **23** | **25** |

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. ‘n Maksimum tyd van 8 uur en ‘n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word ‘n minimum tyd van 2 uur en ‘n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word ‘n maksimum van 8 uur en ‘n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. ‘n Minimum van 3 uur en ‘n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

EcoleBooks

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 6 |
| Eerste Addisionele Taal | 5 |
| Wiskunde | 6 |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 3,5 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Lewensvaardighede<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | 4<br>(1,5)<br>(1)<br>(1,5) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Natuurwetenskappe | 3 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Tegnologie | 2 |
| Ekonomiese Bestuurswetenskappe | 2 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Skeppende Kunste | 2 |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

| VAK | TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR) |
|---|---|
| Huistaal | 4,5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4,5 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Enige drie keusevakke uit **Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)** van die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12,* onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in **paragraaf 28** van die genoemde beleidsdokument. | 12 (3 x 4 uur) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VISUELE KUNSTE

### 2.1 Wat is Visuele Kunste?

Visuele Kunste verteenwoordig 'n breë veld van skeppende praktyk wat die hand, die oog, die intellek en die verbeelding in konseptualisering betrek om twee-dimensionele en drie-dimensionele kunswerke, voorwerpe en omgewings te skep wat die estetiese, konseptuele en uitdrukkingsbelange van individue of groepe weerspieël. Leerders leer om praktiese en estetiese besluite in die ontwikkeling van samehangende werkstukke te maak.

Die vak Visuele Kunste behels self-uitdrukking, en bied die leerders 'n betekenisvolle manier om op die wêreld te reageer om by hulle wêreld betrokke te raak. Dit gee geleenthede om leerders se intellek te stimuleer en te ontwikkel, hulle kreatiewe verbeelding te betrek by visuele en tasbare ondervindings en die innoverende gebruik van materiale en tegnologie om hulle idees te verwesenlik.

Dit moedig leerders ook aan om 'n individuele visuele taal en geletterdheid te ontwikkel, wat deur middel van die studie van visuele kultuur, in die verlede en tans, geïnspireer en gevorm word.

### 2.2 Spesifieke doelstellings

Graad 10 tot 12 Visuele Kunste-leerders beoog om:

- Kreatiewe idees, in reaksie op eksterne opgestelde en self-gegenereerde projekte, aan die hand van eie ondervinding en eie kennis van visuele kulture van die verlede en die hede te verken, te ontwikkel en te verwesenlik
- Materiale, tegnieke, prosesse en tegnologie met die vervaardiging van verbeeldingryke en innoverende kunswerke van persoonlike uitdrukking te verken en te manipuleer
- Materiale, prosesse en tegnieke op 'n doeltreffende, ekonomiese, veilige en verantwoordelike manier te verken
- Hulle eie werkproses te bestuur
- Kunsvorms, prosesse en produkte waar te neem, te assesseer en te analiseer
- Effektief, deur die gebruik van visuele, mondelinge en geskrewe taalvaardighede te kommunikeer
- Hulle eie werk, en die werk van ander, krities te beoordeel
- Entrepeneuriese vaardighede en professionele praktyk binne die kunste te ontwikkel om 'n verskeidenheid van loopbaanopsies te verken
- Aan die diversiteit van kunstradisies in internasionale en Suid-Afrikaanse kontekste blootgestel te word en dit as 'n hulpbron te gebruik
- Die kritiese rol wat visuele kuns te speel, in die verreiking van die visuele omgewing van die skool en omgewing, te waardeer

- Die skakels tussen visuele kunste en die kreatiewe industrieë, soos byvoorbeeld ontwerp en reklame, te verstaan
- Die sosiale en geskiedkundige rol van Visuele Kunste in die evolusie van gemeenskappe, te verstaan

## 2.3 Tydstoekenning vir Visuele Kunste

Visuele Kunste moet 'n minimum van vier lesure per vyfdag-week in beslag neem. Daarbenewens, word daar van Visuele Kunste-leerders verwag om buite skoolure te werk.

Aangesien die praktiese komponent van Visuele Kunste baie tydrowend is, moet praktiese en teoretiese aspekte, waar moontlik, geïntegreer word. Die verhouding van praktiese teenoor teorie-onderrigkontaktyd behoort 3: 1 te wees.

Die gewigtoekenning vir die assessering van die praktiese en teoretiese komponente is 70%: 30%.

## 2.4 Oorsig van Onderwerpe en Tydstoekenning

| | **Onderwerpe** | **Tydstoekenning: 4 uur per week plus tyd na skool** |
|---|---|---|
| 1 | Konseptualisering deur ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees | 30%<br>10–12 uur per praktiese taak per kwartaal |
| 2 | Die maak van kreatiewe kunswerke, bestuur van die proses en aanbieding deur veilige praktyk | 40%<br>18–20 uur per praktiese taak per kwartaal plus tyd na skool |
| 3 | Visuele kultuurstudies: klem op visuele geletterdheid | 30%<br>Modulêr<br>Minimum 1 uur per week gedurende die jaar |

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## 2.5 Inhoud

| Graad | Oorsig van Onderwerpe |
|---|---|
| Onderwerp 1: Konseptualisering deur middel van die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees | |
| 10 | **Ontwikkelingsproses:**<br>• Verken verskillende benaderings om idees in reaksie op 'n motiveringstaak te ontwikkel<br>• Deur eie ervaring van die wêreld betrokke te raak, d.m.v. die verkenning van tekens en simbole vanuit 'n breër visuele kultuur<br>**Verwesenliking van 'n konsep:**<br>• Gegewe en spesifieke visuele en konseptuele uitdagings te verken en op te los (bv. komposisionele probleme, keuse van vakmateriaal)<br>• Die belangrikheid van proses te demonstreer in verhouding tot die ontwikkeling en verwesenliking van konsepte |
| 11 | **Ontwikkelingsproses:**<br>• Veskillende benaderings toepas om idees in reaksie tot 'n projekopdrag te ontwikkel<br>• Deur eie ondervinding van die wêreld betrokke te raak d.m.v. die verkenning en interpretasie van tekens en simbole vanuit die breër visuele kultuur<br>**Verwesenliking van 'n konsep:**<br>• Die kreatiewe proses toepas om visuele en konseptuele probleme deur middel van klasopdragte/take op te los<br>• Die proses van konseptuele ontwikkeling dokumenteer |
| 12 | **Ontwikkelingsproses:**<br>• Verskillende benaderings onafhanklik toepas, om idees met die formulering van 'n projekopdrag te ontwikkel<br>• Krities betrokke by eie ondervinding van die wêreld te wees deur middel van ontdekking, manipulasie en interpretasie van tekens en simbole vanuit die breër visuele kultuur<br>**Verwesenliking van 'n konsep:**<br>• 'n Reeks visuele en konseptuele probleme onafhanklik oplos, en in die rigting van 'n persoonlike visuele taal te werk<br>• Die proses van konseptuele ontwikkeling te dokumenteer en krities te evalueer |
| Onderwerp 2: Die maak van kreatiewe kunswerke, hantering van die proses en aanbieding volg; veilige praktyk | |
| 10 | **Maak van kunswerke:**<br>• Met 'n reeks materiale, tegnieke, prosesse en toerusting te ondersoek en te eksperimenteer<br>• Basiese tegniese vaardigheid in, en kennis oor, 'n reeks materiale, tegnieke, prosesse en toerusting demonstreer<br>• Die belangrikheid van proses in verhouding tot produk te demonstreer<br>• Kunswerke moet van toepassing wees op die opdrag<br>• Deur nuwe en tradisionele tegnieke te gebruik, beelde te transformeer<br>**Bestuur/hantering:**<br>• Hou sketsboeke, joernale, beplanners en 'n portefeulje van die werk wat gedurende die jaar gedoen is, in stand<br>• Voltooi gegewe take binne 'n spesifieke tyd, ruimte en hulpmiddelbeperkings<br>**Aanbieding:**<br>• Eie werk vir 'n uitstalling op 'n vertoonbare wyse voorberei<br>**Veilige Praktyk:**<br>• Gebruik toerusting, materiale en tegnologie veilig en korrek onder toesig |

| Graad | Oorsig van Onderwerpe |
|---|---|
| 11 | **Maak van kunswerke:**<br>• ‘n Reeks materiale, gereedskap, prosesse en tegnologie, ondersoek en effektief toepas<br>• Ontwikkelende tegniese vaardigheid in, en kennis oor, ‘n reeks materiale, tegnieke, prosesse en toerusting demonstreer<br>• Eie kreatiewe proses en kunswerke d.m.v. ‘n portefeulje dokumenteer en evalueer<br>• Kunswerke moet van toepassing wees op die opdrag<br>• Toenemende gebruik van tegnologie met die maak van kunswerke demonstreer<br>**Bestuur/hantering:**<br>• Hou sketsboeke, joernale, beplanners en ‘n portefeulje van die werk wat gedurende die jaar gedoen is, in stand, wat die ontwikkelende begrip van visuele taal en konsepte dokumenteer<br>• Take binne ‘n spesifieke tyd, ruimte en hulpmiddelbeperkings beplan en voltooi<br>**Aanbieding:**<br>• Eie werk op ‘n manier wat bewustheid van professionele konvensies demonstreer, vertoon, uitstal of aanbied<br>**Veilige Praktyk:**<br>• Gebruik toerusting, materiale en tegnologie veilig en korrek |
| 12 | **Maak van kunswerke:**<br>• Die materiaal, gereedskap, tegnieke, temas en prosesse kies wat die geskikste is vir die gekose kuns- of kunsvlytvorm<br>• ‘n Gevorderde graad van tegniese vaardigheid in, en kennis oor, ‘n reeks materiale, tegnieke, prosesse en toerusting demonstreer wat die geskikste is vir die gekose kuns- of kunsvlyt vorm<br>• Eie kreatiewe proses en kunswerk dokumenteer en evalueer, deur werk te kies wat die beste in die portefeulje sal inpas<br>• Kunswerke moet van toepassing wees op die opdrag<br>• Visuele beelde te skep en te transformeer, deur nuwe en tradisionele tegnologie te gebruik<br>**Bestuur/hantering:**<br>• ‘n Samehangende werk skep wat konkrete bewyse van die konseptualiseringsproses, en maak van die produk, gee<br>• Spesifieke take en projekte binne ‘n spesifieke tyd, ruimte en hulpmiddelbeperkings beplan, hanteer en voltooi<br>**Aanbieding:**<br>• Eie werk op ‘n manier vertoon, uitstal of aanbied, wat die ekspressiewe en konseptuele impak versterk en komplementeer<br>**Veilige Praktyk:**<br>• Die veilige gebruik van toerusting, materiale en tegnologie binne ‘n groepwerkkonteks demonstreer en bevorder |
| Onderwerp 3: Visuele kultuurstudies: klem op visuele geletterdheid | |
| 10 | **(Visuele analise en interpretasie** en enige VYF van **SEWE** voorgeskrewe temas – sien Addendum C)<br>• Basiese skryf- en navorsingsvaardighede met die studie van kuns binne geskiedkundige en kulturele kontekste, demonstreer<br>• Die sosiale en geskiedkundige konteks, asook die chronologie van kenmerkende kunsstyle, verduidelik<br>• Die professionele praktyk van plaaslike kunstenaars identifiseer en navors.<br>• Gepaste Visuele Kuns-terminologie gebruik in alle areas van Visuele Kunste.<br>• Vaardighede en prosesse van visuele analise en kritiese denke toepas, deur met eie werk, en die werk van ander, betrokke te wees |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| Graad | Oorsig van Onderwerpe |
|---|---|
| 11 | (Ten minste ses van **AGT** voorgeskrewe temas - sien Addendum C)<br>• Skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns binne geskiedkundige en kulturele kontekste vanuit primêre en sekondêre bronne demonstreer<br>• Kunswerke in verhouding tot hulle kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste analiseer<br>• In geskrewe vorm, post-VOO-studie- en loopbaangeleenthede in Visuele Kunste navors en aanbied<br>• Uitstappie om loopbaan- en tersiêregeleenthede in Visuele Kunste te ondersoek<br>• Gepaste gebruik van Visuele Kuns-terminologie om kunskonsepte, beginsels, style, inhoud, materiale en tegnieke te beskryf<br>• Eie werk en dié van ander evalueer en ‘n begrip van die proses van kritiese analise demonstreer, asook redes vir estetiese oordeel gee |
| 12 | (Ten minste ses van **AGT** voorgeskrewe temas - sien Addendum C)<br>• Geskrewe kritiese analise en navorsingsvaardighede in die studie van kuns binne geskiedkundige en kulturele kontekste vanuit vele bronne demonstreer<br>• ‘n Begrip van die geskiedkundige konteks en stilistiese evolusie van ‘n versameling van skone kunste, toegepaste kuns- en kunsvlytvorms, demonstreer<br>• Geleenthede wat die verhouding beskryf tussen kennis en vaardighede soos geleer in Visuele Kunste en post-VOO-onderrig, onafhanklik na te vors<br>• Uitstappie om loopbaan- en tersiêregeleenthede in Visuele Kunste te ondersoek<br>• Toepaslike terminologie wat verband hou met alle areas van kunsteorie gebruik om kunswerke, kunsvlyt en toegepaste kunsvorms, verbaal en skriftelik, te beskryf en te bespreek.<br>• Die doeltreffendheid van eie en ander se navorsing, kreatiewe prosesse en kunsprojekte te evalueer |

## 2.6 Onderrigriglyne

### 2.6.1 Konseptualisering deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees

**(Sien Addendum A vir notas oor die bronboek.)**

- Begin in graad 10 en graad 11 deur spesifieke opdragte en oefeninge vir die leerders se bronboek te gee, sodat hulle teen graad 12 kreatiewe idees onafhanklik kan ontwikkel.
- Wees kreatief met die opstel van opdragte vir die bronboek en probeer altyd om die leerders te verras en opgewonde te maak, deur hulle verskillende benaderings aan te bied (bv. doen 'n breinkaart in die klas om idees vir 'n tema te genereer, speel woordspeletjies, dokumenteer 'n werkproses d.m.v. tekeninge of fotografie, ondersoek verskillende maniere om mediums te kombineer, ens.)
- Moedig leerders aan om in hulle boeke te eksperimenteer.
- Wys leerders voorbeelde van kunstenaars se sketsboeke en joernale, asook bronboeke van ander leerders hulle te inspireer
- Bied leerders baie geleenthede om oor hulle eie idees te skryf, hulle menings te verduidelik, en oor hulle eie werk te besin.
- Daar word ernstig voorgestel dat die prakties met die Visuele Kultuurstudies gedurende die proses van konseptualisering gekoppel word.
- Assesseer en bespreek gereeld die leerders se werk in hulle bronboeke.

ÉcoleBooks

### 2.6.2 Die maak van kreatiewe kunswerke, hantering van proses en aanbieding

**(Sien Addendum B vir notas oor praktiese werk)**

- Daar word voorgestel dat 'n gespesialiseerde fokusveld gekies word om vordering en ontwikkeling deur die verskillende grade te verseker. Sulke velde sluit in: teken, skilder, beeldhouwerk, drukwerk, multi-media, fotografie, keramiekwerk, installasies, nuwe media, ens.
- Lei praktiese klasse met durf, selfvertroue en entoesiasme.
- Stel praktiese opdragte op wat die leerders sal uitdaag en interesseer deur kontekstuele faktore in ag te neem.
- Staan leerders by en lei hulle vanaf die begin tot die einde van 'n finale kunswerk om met hulle werk vol te hou.
- Wees onbevooroordeeld oor uiteenlopende oplossings t.o.v. praktiese projekte.
- Demonstreer, verduidelik en verwys na werk van relevante kunstenaars wanneer spesifieke tegnieke en benaderings voorgestel word.
- Integreer met Visuele Kultuurstudies.
- Deurlopende informele assessering deur die vordering van die leerder se werk te bespreek. Probeer om die leerders te lei om vorendag te kom met hulle eie oplossings, eerder as wat jy jou idees op hulle afdwing.
- Daar word ernstig voorgestel dat die prakties met die Visuele Kultuurstudies gedurende die proses van vervaardiging gekoppel word.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

- Hou gereelde "sessies" waar die onderwyser fasiliteer en die leerders leer om oor die werk van hulle klasmaats op 'n konstruktiewe en kritiese manier te bespreek.

**2.6.3 Visuele Kultuurstudies: klem op visuele geletterdheid**

**(Sien Addendum C vir temas.)**

- Die voorgeskrewe temas kan in enige logiese orde gedoen word.

- Die klem op visuele geletterdheid maak dit 'n dinamiese en interaktiewe vak. Leerders moet gelei word om aktief deel te neem d.m.v. vrae, besprekings, debatte, speletjies en ander interaktiewe aktiwiteite.

- Die klem behoort op visuele beelde te wees, wat die interaksie tussen kuns en gemeenskap wys. Die vertoning van visuele beelde in die vorm van skyfies, PowerPoint-aanbiedings, fotokopieë, DVDs, ens. is essensieel, en die leerders moet met hierdie beelde in die klas betrokke raak.

- Gee leerders baie geleenthede om oor kuns te skryf, sodat hulle hulle skryfvaardighede kan ontwikkel en kunsterminologie kan gebruik. Hierdie geskrifte hoef nie die vorm van lang navorsingsopstelle aan te neem nie, maar kan korter, meer gereelde take insluit (bv. om oor werke wat by 'n uitstalling gesien was, te skryf; 'n visuele analise van 'n ongesiene voorbeeld of voorbeelde; leerders se eie voorbeelde wat gebruik kan word om 'n kwessie of tema te illustreer; werkstate; die maak van flitskaarte, ens.)

- Moedig leerders aan om kunsuitstallings en gallerye te besoek, resensies van uitstallings te lees en te versamel, lees en te kyk deur kunsboeke, en om navorsing op die Internet te doen.

- Gebruik visuele geletterdheid om die leerder se praktiese werk te versterk.

ÉcoleBooks

**Benadering**

- Leerders moet aan alle kunsvorms blootgestel word, soos byvoorbeeld, twee-dimensionele kuns (skilder, teken, drukwerk, ens.), drie-dimensionele kuns (beeldhouwerk, ens.) en toegepaste kuns/kunsvlyt (funksionele voorwerpe in 'n skonekunste-konteks).

- Alhoewel spesifieke kunsvorms in diepte in elke tema bestudeer moet word, moet leerders aan 'n wye reeks voorbeelde van elke tema blootgestel word, om sodoende kuns as visuele kommunikasie te kan illustreer.

- Verbind temas en veral die Suid-Afrikaanse skakel t.o.v. die leerders se gemeenskap, waar moontlik.

- Graad 12-leerders moet in staat wees om die verskeidenheid invloede op Suid-Afrikaanse kunstenaars en hulle werk uit te wys.

- Kunstenaars, wat die diverse kulturele tradisies in Suider-Afrika verteenwoordig, moet bestudeer word.

- Alhoewel spesifieke kunswerke in diepte in elke tema bestudeer moet word, moet graad 12-leerders aan 'n wye reeks voorbeelde van elke tema blootgestel word om die wyer omvang van die spesifieke tema te illustreer.

- In baie gevalle werk kunstenaars in verskillende mediums en style. Graad 12-leerders moet hiervan bewus gemaak word, maar moet nog steeds die vereiste getal kunstenaars in elke afdeling bestudeer, sonder om dieselfde werk van 'n ander afdeling te herhaal.

- Maak temas, en spesifiek die Suid-Afrikaanse verwantskap, t.o.v. die leerders se gemeenskap, van toepassing waar moontlik.

## 2.7 Vordering

Die onderrig van praktiese vaardighede is siklies, eerder as liniêre. Hierdie vaardighede word dwarsdeur die jaar met toenemende ingewikkeldheid, onderrig.

Progressie in visuele kunsvaardighede word gevind in:

- Bekendstelling aan nuwe konsepte en vaardighede
- Toenemende visuele woordeskat
- Toenemende gebruik van terminologie
- Verhoogde vermoë om goed te luister, te reageer op instruksies en saam met ander te werk
- Toenemende bewustheid van ondersoek/navorsing, eksperimentasie en refleksie
- Toenemende bewustheid van detail en vlak van gehalte
- Toenemende visuele geletterdheid en die vermoë om die kompleksiteit van kunsvorms te herken en te interpreteer
- Toenemende bewustheid en begrip van die kunstenaar se verantwoordelikhede teenoor sosiale- en omgewingskwessies en volhoubaarheid
- Toenemende bewustheid en begrip van entrepeneuriese moontlikhede
- Toenemende selfvertroue, selfdissipline, fokus en kreatiwiteit
- Om van afhanklikheid na onafhanklikheid te beweeg
- Groter, en ‘n dieper, selfkennis en persoonlike identiteitsvorming
- Terapeutiese en genesingsaspekte (sosiaal en individueel)

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**Lys van Formele Assesseringstake**

**Grade 10 en 11**

| KWARTAAL | FORMELE ASSESSERINGSTAKE | AKTIWITEITE |
|---|---|---|
| 1 | 1 (prakties)<br>2 (teorie) | praktiese assesseringstaak (PAT) 1<br>teorietoets |
| 2 | 3 (prakties)<br>4 (teorie) | praktiese assesseringstaak (PAT) 2<br>Junie teorie-eksamen |
| 3 | 5 (prakties)<br>6 (teorie) | praktiese assesseringstaak (PAT) 3<br>teorietoets |
| 4 | 7 (prakties + teorie) | Finale Eksamen (intern):<br>Vraestel 1 Teorie<br>Vraestel 2 Prakties |

**Grade 12**

| KWARTAAL | FORMELE ASSESSERINGSTAKE | AKTIWITEITE |
|---|---|---|
| 1 | 1 (prakties)<br>2 (teorie) | praktiese assesseringstaak (PAT) 1<br>teorietoets |
| 2 | 3 (prakties)<br>4 (teorie) | praktiese assesseringstaak (PAT) 2<br>Junie teorie-eksamen |
| 3 | 5 (prakties)<br>6 (teorie) | Voorlopige Eksamen:<br>Prakties (begin van derde kwartaal)<br>Teorie |
| 4 | 7 (prakties + teorie) | Finale Eksamen (ekstern):<br>Vraestel 1 Teorie<br>Vraestel 2 Prakties<br>Retrospetiewe Uitstalling vir Moderering:<br>Ten minste 5 werke wat Graad 11 werk kan insluit<br>+ Graad 12: PAT'e 1 en 2, Voorlopige Praktiese eksamen (verpligtend)<br>+ Finale Eksamen Prakties |

ÉcoleBooks

# AFDELING 3

## KWARTAALPLANNE

| VISUELE KUNSTE | GRAAD 10 | KWARTAAL 1 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br>Konseptualisering deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees | **Voorgestelde kontaktyd**<br>Minimum van 1 uur per week | **Hulpbronne**<br>Bronboek, basiese kunsmateriaal (bv. potlode, verf, papier, gom, tydskrifte, koerante, ens.) |
| <u>**Inhoud/konsepte/vaardighede**</u><br>**Ontwikkelingsproses:**<br>• Verskillende benaderings verken t.o.v. die ontwikkeling van idees in reaksie op 'n motiveringstaak (versameling van verwysingsmateriale, sketse, geskrifte en navorsing vanuit 'n wye verskeidenheid kunstenaars en hulle werk wat die leerder se eie werk sal inspireer en ondersteun)<br>• Deur eie ondervindings van die wêreld betrokke te raak d.m.v. die verkenning van tekens en simbole vanuit die breër visuele kultuur (versameling van interessante, stimulerende verwysings en/of voorwerpe van persoonlike betekenis, wat nuttig kan wees t.o.v die praktiese projek)<br>**Verwesenliking van 'n konsep**<br>• Spesifieke en gegewe visuele en konseptuele uitdagings verken en oplos, soos byvoorbeeld kompositoriese probleme en keuse van onderwerpmateriaal<br>• Die belangrikheid van proses in verhouding tot die ontwikkeling en verwesenliking van konsepte demonstreeer | | |
| **Onderwerp 2**<br>Maak van kreatiewe kunswerke, hantering van proses en aanbieding; veilige praktyk | **Voorgestelde kontaktyd**<br>Minimum van 2 uur per week | **Hulpbronne**<br>Toerusting en materiale nodig vir spesialiseringsarea |
| <u>**Inhoud/konsepte/vaardighede**</u><br>**vervaardiging/maak:**<br>• 'n Verskeidenheid materiale, gereedskap, prosesse en tegnologie effektief verken en toepas<br>• Ontwikkelende tegniese vaardigheid in, en kennis van, 'n reeks materiale, tegnieke, prosesse en toerusting demonstreer<br>• Eie kreatiewe proses en kunswerke dokumenteer en evalueer deur 'n portefeulje te gebruik<br>• Maak seker dat kunswerke relevant tot die opdrag is<br>• Uitgebreide gebruik van tegnologie met die maak van kunswerke demonstreer<br>**Hantering/Bestuur:**<br>• Hou sketsboeke, joernale, beplanners en 'n portefeulje wat eie ontwikkelende begrip van visuele taal en konsepte dokumenteer<br>• Take binne 'n spesifieke tyd, ruimte en hulpbronbeperkings beplan en voltooi<br>**Aanbieding:**<br>• Eie werk op 'n manier vertoon, uitstal of aanbied wat bewustheid van professionele konvensies demonstreer<br>**Veilige praktyk:**<br>• Toerusting, materiale en tegnologie veilig en korrek gebruik | | |

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| VISUELE KUNSTE | GRAAD 10 | KWARTAAL 1 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 3**<br>Visuele Kultuurstudies: klem op visuele geletterdheid | **Voorgestelde kontaktyd**<br>1 uur per week<br>Die volgorde van die verskillende komponente kan verander word | **Hulpbronne**<br>Verwysingsboeke, kunstydskrifte, TV en DVD-spelers, rekenaar en data-projektor of oorhoofse projektor en transparante |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

**Visuele analise en interpretasie (tema 1):**

- Die taal van kuns verken deur 'n reeks kunswerke van verskillende dissiplines te bespreek en te beskryf (bv. 'n skildery, beeldhouwerk, 'n afdruk, ens.), deur te fokus op:
  - Formele elemente van kuns – lyn, kleur, vorm, fatsoen, tekstuur, toon
  - Beginsels van ontwerp
  - Materiale en tegnieke
  - Style
  - Funksie van die werk
  - Kontekstuele invloede
  - Betekenisse en interpretasies
- Visuele Kuns-terminologie in alle gebiede van Visuele Kunste toepaslik gebruik.
- Vaardighede en prosesse van visuele analise en kritiese denke toe te pas, om by eie werk, en die werk van ander, betrokke te raak

| VISUELE KUNSTE | GRAAD 10 | KWARTAAL 2 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br>Konseptualisering deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees | **Voorgestelde kontaktyd**<br>Minimum van 1 uur per week | **Hulpbronne**<br>Bronboek, basiese kunsmateriaal (bv. potlode, verf, papier, gom, tydskrifte, koerante, ens.) |

**<u>Inhoud/konsepte/vaardighede</u>**

**Ontwikkelingsproses:**

- Verskillende benaderings verken deur idees in reaksie op ‘n motiveringstaak te ontwikkel (versameling van verwysingsmateriaal, sketse, geskrifte en navorsing van ‘n wye verskeidenheid van kunstenaars en hulle werk wat die leerder se eie werk sal inspireer en ondersteun)
- Deur eie ondervindings van die wêreld betrokke te raak d.m.v. die verkenning van tekens en simbole vanuit die breër visuele kultuur (versameling van interessante, stimulerende verwysings en/of voorwerpe van persoonlike betekenis, wat nuttig kan wees t.o.v die praktiese projek)

**Verwesenliking van ‘n konsep**

- Gegewe en spesifieke visuele en konseptuele uitdagings verken en oplos, soos byvoorbeeld kompositoriese probleme en keuse van onderwerpmateriaal
- Die belangrikheid van proses in verhouding tot die ontwikkeling en verwesenliking van konsepte demonstreer

| **Onderwerp 2** | **Voorgestelde kontaktyd** | **Hulpbronne** |
|---|---|---|
| Maak van kreatiewe kunswerke, hantering van proses en aanbieding; veilige praktyk | Minimum van 2 uur per week | Toerusting en materiale nodig vir spesialiseringsarea |

**<u>Inhoud/konsepte/vaardighede</u>**

**Vervaardiging/Maak:**

- ‘n Verskeidenheid materiale, gereedskap, prosesse en tegnologie effektief verken en toepas
- Ontwikkelende tegniese vaardigheid in, en kennis van, ‘n reeks materiale, tegnieke, prosesse en toerusting demonstreer
- Eie kreatiewe proses en kunswerke dokumenteer en evalueer deur ‘n portefeulje te gebruik
- Maak seker dat kunswerke relevant tot die opdrag is
- Uitgebreide gebruik van tegnologie met die maak van kunswerke demonstreer

**Hantering/Bestuur:**

- Hou sketsboeke, joernale, beplanners en ‘n portefeulje wat eie ontwikkelende begrip van visuele taal en konsepte dokumenteer
- Take binne ‘n spesifieke tyd, ruimte en hulpbronbeperkings beplan en voltooi

**Aanbieding:**

- Eie werk vertoon, uitstal of aanbied op ‘n manier wat bewustheid van professionele konvensies demonstreer

**Veilige praktyk:**

- Toerusting, materiale en tegnologie veilig en korrek gebruik

EcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| VISUELE KUNSTE | GRAAD 10 | KWARTAAL 2 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 3**<br>Visuele Kultuurstudies: klem op visuele geletterdheid | **Voorgestelde kontaktyd**<br>1 uur per week<br>Die volgorde van die verskillende komponente kan verander word | **Hulpbronne**<br>Verwysingsboeke, kunstydskrifte, TV en DVD-spelers, rekenaar en data-projektor of oorhoofse projektor en transparante |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

Ten minste **twee** van die volgende SEWE voorgeskrewe temas – Sien Addendum C vir inhoud van temas en potensiële skakeling met Suid-Afrikaanse kuns

1. Afrika-kuns
2. Nie-Westerse Kulture wêreldwyd
3. Antieke beskawings
4. Die klassieke wêreld
5. Middel-eeuse en/of Islamitiese kuns
6. Renaissance
7. Barok en Rococo

- Basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns binne geskiedkundige en kulturele kontekste demonstreer
- Die sosiale en geskiedkundige konteks en die chronologie van kermerkende kunsstyle verduidelik
- Die professionele praktyk van plaaslike kunstenaars identifiseer en navors
- Gepaste Visuele Kunste-terme in alle areas van Visuele Kunste te gebruik
- Vaardighede en prosesse van visuele analise en kritiese denke toe te pas, deur by eie werk, en die werk van ander, betrokke te raak

| VISUELE KUNSTE | GRAAD 10 | KWARTAAL 3 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br>Konseptualisering deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees | **Voorgestelde kontaktyd**<br>Minimum van 1 uur per week | **Hulpbronne**<br>Bronboek, basiese kunsmateriaal (bv. potlode, verf, papier, gom, tydskrifte, koerante, ens.) |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

**Ontwikkelingsproses:**

- Verskillende benaderings verken deur idees in reaksie op 'n motiveringstaak te ontwikkel (versameling van verwysingsmateriaal, sketse, geskrifte en navorsing van 'n wye verskeidenheid van kunstenaars en hulle werk, wat die leerder se eie werk sal inspireer en ondersteun)
- Deur eie ondervinding van die wêreld betrokke te raak d.m.v. die verkenning van tekens en simbole vanuit die breër visuele kultuur (versameling van interessante, stimulerende verwysings en/of voorwerpe van persoonlike betekenis, wat nuttig kan wees t.o.v die praktiese projek)

**Verwesenliking van 'n konsep**

- Gegewe en spesifieke visuele en konseptuele uitdagings verken en oplos, soos byvoorbeeld kompositoriese probleme en keuse van onderwerpmateriaal
- Die belangrikheid van proses in verhouding tot die ontwikkeling en verwesenliking van konsepte demonstreer

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp 2**<br>Maak van kreatiewe kunswerke, hantering van proses en aanbieding; veilige praktyk | **Voorgestelde kontaktyd**<br>Minimum van 2 uur per week | **Hulpbronne**<br>Toerusting en materiale nodig vir spesialiseringsarea |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

**vervaardiging/maak:**

- 'n Verskeidenheid materiale, gereedskap, prosesse en tegnologie effektief verken en toepas
- Ontwikkelende tegniese vaardigheid in, en kennis van, 'n reeks materiale, tegnieke, prosesse en toerusting demonstreer
- Eie kreatiewe proses en kunswerke dokumenteer en evalueer deur 'n portefeulje te gebruik
- Maak seker dat kunswerke relevant tot die opdrag is
- Uitgebreide gebruik van tegnologie met die maak van kunswerke demonstreer

**Hantering/Bestuur:**

- Hou sketsboeke, joernale, beplanners en 'n portefeulje wat eie ontwikkelende begrip van visuele taal en konsepte dokumenteer
- Take binne 'n spesifieke tyd, ruimte en hulpbronbeperkings beplan en voltooi

**Aanbieding:**

- Eie werk vertoon, uitstal, of aanbied op 'n manier wat bewustheid van professionele konvensies demonstreer

**Veilige praktyk:**

- Toerusting, materiale en tegnologie veilig en korrek gebruik

EcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| VISUELE KUNSTE | GRAAD 10 | KWARTAAL 3 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 3**<br>Visuele Kultuurstudies: klem op visuele geletterdheid | **Voorgestelde kontaktyd**<br>1 uur per week<br>Die volgorde van die verskillende komponente kan verander word | **Hulpbronne**<br>Verwysingsboeke, kunstydskrifte, TV en DVD-spelers, rekenaar en data-projektor of oorhoofse projektor en transparante |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

Ten minste **twee** van die volgende SEWE voorgeskrewe temas – Sien Addendum C vir inhoud van temas en potensiële skakeling met Suid-Afrikaanse kuns

1. Afrika-kuns
2. Nie-Westerse Kulture wêreldwyd
3. Antieke beskawings
4. Die klassieke wêreld
5. Middel-eeuse en/of Islamitiese kuns
6. Renaissance
7. Barok en Rococo

- Basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns binne geskiedkundige en kulturele kontekste demonstreer
- Die sosiale en geskiedkundige konteks en die chronologie van kermerkende kunsstyle verduidelik
- Die professionele praktyk van plaaslike kunstenaars identifiseer en navors
- Gepaste Visuele Kunste-terme in alle areas van Visuele Kunste te gebruik
- Vaardighede en prosesse van visuele analise en kritiese denke toepas deur by eie werk, en die werk van ander, betrokke te raak

| Punte vir Visuele Kultuurstudies | | | |
|---|---|---|---|
| | **Graad 12** | **Graad 11** | **Graad 10** |
| | **Antwoord 5** | **Antwoord 5** | **Antwoord 5** |
| Vraag 1 | Die stem van opkomende kunstenaars<br>20 | Oorsig oor die 19de eeu<br>20 | Visuele analise en interpretasie (verpligtend)<br>20 |
| Vraag 2 | Suid-Afrikaanse kunstenaars deur Afrika en/of inheemse kunsvorms beïnvloed<br>20 | Begin van Modernisme<br>20 | Afrika-kuns<br>20 |
| Vraag 3 | Sosio-politieke kuns – insluitende Weerstandskuns van die '70s en '80s<br>20 | Vroeë 20ste-Eeu<br>20 | Nie-Westerse kulture wêreldwyd<br>20 |
| Vraag 4 | Kuns, kunsvlyt en geestelike werk hoofsaaklik uit landelike Suid-Afrika<br>20 | Argitektuur<br>20 | Antieke beskawings<br>20 |
| Vraag 5 | Multi-media en Nuwe Media – alternatiewe hedendaagse en populêre kunsvorms in Suid-Afrika<br>20 | Tussen die Wêreldoorloë<br>20 | Die klassieke wêreld<br>20 |
| Vraag 6 | Post-demokratiese identiteit in Suid-Afrika<br>20 | 'n Opname van post-1945-kuns<br>20 | MIddel-eeuse en/of Islamitiese kuns<br>20 |
| Vraag 7 | Geslagskwessies: manlik en vroulik<br>20 | Nuwe Media<br>20 | Renaissance<br>20 |
| Vraag 8 | Argitektuur in Suid-Afrika<br>20 | Die kunswêreld<br>20 | Barok en Rococo<br>20 |
| **100** | | **100** | **100** |

## 4.4 Aantekening en verslagdoening

**Aanteken** is die proses waarby die onderwyser die vlak van 'n leerder se werkverrigting van 'n spesifieke assesseringstaak dokumenteer. Dit dui die leerder se vordering van kennis aan soos voorgeskryf in die Kurrikulum- en asseseringsbeleidsverklarings. Rekords van die leerder se werkverrigting moet bewyse toon van die leerder se konseptuele vordering binne 'n graad en sy/haar gereedheid om tot die volgende graad bevorder te word. Rekords van die leerder se werkverrigting moet ook gebruik word om die vordering wat gemaak is deur onderwysers en leerders in die onderrig en leerproses te bevestig.

**Verslagdoening** is die proses waarmee die leerder se werkverrigting aan die leerders, ouers, skole en ander belanghebbendes gekommunikeer word.

'n Leerder se werkverrigting kan op verskillende maniere oorgedra word. Dit sluit in: rapporte, ouervergaderings, skoolbesoekdae, ouer-onderwyserkonferensies, telefoonoproepe, briewe, klas- of skoolnuusbriewe, ens. Onderwysers van al die grade moet formele rapporte kwartaalliks uitdeel. Hierdie rapporte doen in die vorm van persentasies teenoor die vak verslag.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Die volgende graderingskaal is van toepassing op kwartaalrapporte:

**KODES EN PERSENTASIES VIR AANTEKEN EN VERSLAGDOENING**

| Prestasievlak | Prestasiebeskrywings | Persentasie |
|---|---|---|
| 7 | Uitmuntende prestasie | 80 - 100 |
| 6 | Verdienstelike prestasie | 70 - 79 |
| 5 | Beduidende prestasie | 60 - 69 |
| 4 | Voldoende prestasie | 50 - 59 |
| 3 | Matige prestasie | 40 - 49 |
| 2 | Basiese prestasie | 30 - 39 |
| 1 | Ontoereikende prestasie | 0 - 29 |

Onderwysers sal die werklike punte teenoor die taak opteken deur 'n staat te gebruik, en sal persentasies teenoor die vak op die leerders se rapporte rapporteer.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE INSLUITING VAN DIE JAARLIKSE NASIENTABEL AAN DIE EINDE VAN HIERDIE DOKUMENT IS. DIT IS DAAR OM MET AANTEKEN VAN PUNTE TE HELP. Neem ook kennis van die insluiting van die voorgestelde lesplan om met beplanning te help.

## 4.5 Moderering van assessering

### 4.5.1 Formele Assessering (SGA)

- Graad 10- en 11-take word intern gemodereer. Die vakadviseur moet 'n voorbeeld van hierdie take gedurende skoolbesoeke modereer om die standaard van die interne moderering te kontroleer.
- Graad 12-take moet persoonlik deur 'n provinsiale vakadviseur of 'n aangestelde spesialis gemodereer word. Die provinsiale onderwysdepartement bestuur hierdie proses.

### 4.5.2 praktiese assesseringstaak (PAT)

- Provinsiale amptenare sal voorbeelde van graad 10- en 11-PAT'e in die derde of vierde kwartaal modereer. Alle dokumentasie moet vir die amptelike besoek beskikbaar wees. Die amptenaar sal voorbeelde selekteer.
- Die onderwyser en twee portuuronderwysers sal die graad 12-PAT'e merk voordat dit persoonlik deur 'n provinsiale amptenaar gemodereer word.

### 4.5.3 Finale praktiese eksterne eksamen

Die onderwyser en twee portuuronderwysers sal die Graad 12 finale praktiese eksamen op dieselfde tyd as die PAT'e merk voordat die vraestelle persoonlik deur 'n provinsiale amptenaar gemodereer word.

## 4.6 Assesseringkriteria vir praktiese werk Visuele Kunste (FET)

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90 – 100 | Buitengewone vermoë; rykheid; insiggewend, vlot, hoë vaardigheid; waarneming en kennis sterk uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings<br><br>**Uitstaande en oorspronklike aanbieding** |
| **Uitstekend** | 80 – 89 | Treffende impak; meeste van bogenoemde; gedetaileerd; goed georganiseerd en samehangend, afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik<br><br>**'n Paar geringe foute sigbaar** |
| **Baie goed** | 70 – 79 | Goed georganiseerd, soos hierbo, maar ontbreek aan 'sprankel'; goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite met oorspronlike aanbieding gedoen<br><br>**'n Paar voor die hand liggende teenstrydighede/tekortkominge sigbaar** |
| **Goed** | 60 – 69 | Interessante visuele aanbieding, maar neig met tye na 'n allerdaagse en stereotipiese reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelike moeite met aanbieding gedoen<br><br>**Steurende/voor die hand liggende teenstrydighede** |
| **Gemiddeld** | 50 – 59 | Voldoende; voel meganies; afgelei of gekopieër; min insig; verbeeldingloos; 'n paar visuele verwysings nie altyd duidelik identifiseer nie; billike aanbieding<br><br>**Baie steurende teenstrydighede** |
| **Onder gemiddeld** | 40 – 49 | Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgevat nie; 'n paar flitse van insig; beperkte keuses van inligting; swak tegniese vaardighede kan hiertoe bydra; min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding<br><br>**Benodig ondersteuning/motivering om te slaag** |
| **Swak** | 30 – 39 | Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik; min poging aangewend om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysings; algemene gebrek aan toewyding<br><br>**Benodig ondersteuning/motivering om te slaag** |
| **Baie swak/Druip** | 20 – 29 | Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; **weinig of irrelevante werk/visuele inligting**; geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking<br><br>**Onaanvaarbaar** |
| **Druip** | 00 – 19 | Onsamehangend; **irrelevant, baie min of geen werk**; gebrek aan vaardighede; geen toewyding/samewerking |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**Assessering van die leerder se vaardigheid om voorbeelde van visuele kultuur te analiseer en daarop te reageer.**

| **Prestasievlak-kode** | | **VISUELE KULTUURSTUDIES** |
|---|---|---|
| **7 Uitstaande** | 80 – 100% | Demonstreer uitstekende vaardigheid om te reageer op kunswerke en om kunswerke te analiseer in verhouding tot hulle kulturele, sosiale, politiese en geskiedkundige kontekste.<br><br>Toon uitstekende vaardigheid met die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br><br>Demonstreer uitsonderlik goedontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die kunsstudie.<br><br>Toon buitengewone insig en begrip, en gebruik uiteenlopende benaderings. |
| **6 Verdienstelik** | 70 – 79 % | Demonstreer goed ontwikkelde vaardigheid om te reageer op kunswerke en om kunswerke te analiseer in verhouding tot hulle kulturele, sosiale, politiese en geskiedkundige kontekste.<br><br>Toon uitstekende vaardigheid met die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br><br>Demonstreer hoogsontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die kunsstudie.<br><br>Wys uitstekende insig en begrip. |
| **5 Wesentlik** | 60 – 69 % | Demonstreer aansienlike vaardigheid om te reageer op kunswerke en om kunswerke te analiseer in verhouding tot hulle kulturele, sosiale, politiese en geskiedkundige kontekste.<br><br>Wys aansienlike vaardigheid met die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br><br>Demonstreer goedontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die kunsstudie.<br><br>Toon goeie vlak van insig en begrip. |
| **4 Voldoende** | 50 – 59 | Demonstreer voldoende vaardigheid om te reageer op kunswerke en om kunswerke te analiseer in verhouding tot hulle kulturele, sosiale, politiese en geskiedkundige kontekste.<br><br>Toon voldoende vaardigheid met die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br><br>Demonstreer bevoegde skryf- en navorsingsvaardighede in die kunsstudie.<br><br>Toon redelike vlak van insig en begrip. |
| **3 Redelik** | 40 – 49 % | Demonstreer redelike vaardigheid om te reageer op kunswerke en om kunswerke te analiseer in verhouding tot hulle kulturele, sosiale, politiese en geskiedkundige kontekste.<br><br>Toon redelike vaardigheid met die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br><br>Demonstreer redelike skryf- en navorsingsvaardighede in die kunsstudie.<br><br>Toon redelike vlak van insig en begrip. |

| | | |
|---|---|---|
| **2 Elementêr** | 30 – 39 % | Demonstreer slegs basiese vaardigheid om te reageer op kunswerke en om kunswerke te analiseer in verhouding tot hulle kulturele, sosiale, politiese en geskiedkundige kontekste.<br><br>Toon min vaardigheid met die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br><br>Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die kunsstudie.<br><br>Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip. |
| **1 Onbevoeg** | 0 – 29 % | Demonstreer min of geen vaardigheid om te reageer op kunswerke en om kunswerke te analiseer in verhouding tot hulle kulturele, sosiale, politiese en geskiedkundige kontekste.<br><br>Toon baie min vaardigheid met die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br><br>Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die kunsstudie.<br><br>Toon min of geen insig en begrip. |

## 4.7 Algemeen

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende saamgelees word:

**4.7.1** Die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes vir die Nasionale Kurrikulumbeleid Graad R-12; en*

**4.7.2** Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

# ADDENDUM A

### Onderwerp 1

### Konseptualiseringby die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees

Die bronboek is die manifestasie van Onderwerp 1. Hierdie bronboek is NIE 'n formele, netjiese notaboek nie, maar 'n ekspressiewe, persoonlike 'plakboek' van idees en prikkels wat die individu se eie styl, belangstellings en persoonlikheid weerspieël. Dit behoort vol opwindende, nuttige idees en beelde vir die gebruik in praktiese opdragte te wees. Leerders behoort al hulle konseptuele idees, beplanning, 'rond speel' en verkenningswerk, ens., in hulle Visuele Kunste-bronboek te plaas. Daar moet 'n bronboek vir elke graad wees.

Die bronboek gee insig op die manier waarop die leerders idees gevorm het, hoeveel alternatiewe hulle ondersoek het, en ander prosesse wat tot hulle finale werk gelei het. Die bronboek moet alle gedagteprosesse wat tot die vervaardiging van kunswerke gelei het, duidelik weergee.

### Die inhoud van die bronboek

Die bronboek behoort die volgende in te sluit:

- Sketse en voorbereidingstekeninge. (Tekenboeke met spesifieke studies moet ingesluit word.)
- Beelde, artikels, uittreksels, voorbeelde, foto's, ens. wat deur die leerder versamel is.
- Voorwerpe (stukkies papier, verpakking, kaartjies, ens.) wat die leerder interessant en stimulerend gevind het, of wat persoonlike betekenis het, of wat nuttig op een of ander tyd vir die praktiese projek mag wees
- Krabbels, woorde, sketse, geskrifte wat met die leerder se ondervindings en konteks verband hou.
- Navorsing en die studie van 'n wye verskeidenheid kunstenaars, asook voorbeelde wat hulle praktiese werk mag ondersteun.
- Enige iets anders wat die leerder stimulerend en/of interessant mag vind en wat as 'n bron vir sy/haar praktiese werk kan dien.
- Ondersoek van verskillende tegnieke en materiale.
- Breinkaarte om idees te ontwikkel.
- Dokumentasie van enige proseswerk.

**Moontlike benaderings tot die bronboek**

**GRAAD 10**

- Om die konsep van die bronboek voor te stel, is dit raadsaam om spesifieke opdragte vir elke taak te stel.

**Byvoorbeeld:** Leerders gaan 'n stillewe in die klas skilder. Die bronboekopdrag kan die volgende insluit:

- Klein kompositoriese sketse om 'n interessante oogpunt te ontdek.
- Tekeninge op voorwerpe gebaseer, bv. fokus op toonwaardes,
- Verfmeng-oefeninge
- Die plaas van stofmonsters van al die kleure van die skildery op een bladsy
- Navorsing oor 'n spesifieke aantal stillewes
- 'n Vraelys wat as 'n reflektiewe verslag dien
- Wees spesifiek oor die aantal bladsye wat vereis word
- Lei die leerders om hulle idees en refleksies in woorde om te sit
- Moedig enige addisionele werk aan

**GRAAD 11**

ÉcoleBooks

- Praktiese projekte in graad 11 is gewoonlik meer op die tema gebaseer en laat ruimte vir meer uiteenlopende idees en benaderings toe. Lei die leerders in hierdie proses, bv. doen 'n breinkaart in die klas om hulle te wys hoe om idees te ontwikkel.
- Verskaf duidelike instruksies van minimum vereistes en moedig addisionele, relevante werk aan.
- Lei hulle deur jou aftiklys vir die bronboek te gebruik.

**GRAAD 12**

- Leerders moet teen hierdie tyd weet hoe om die bronboek te gebruik. 'n Algemene aftiklys word aanbeveel.
- Die bronboek moet die volgende vrae kan beantwoord:
    - Wat was die keuse van die onderwerp van die kunswerk?
    - Waarom is dit gekies?
    - Hoeveel beplanning is gedoen?
    - Hoe het die leerder vir die praktiese werk voorberei?
    - Watter moeilikhede/probleme is ondervind en hoe is dit oorkom/opgelos?
    - Wat was aangenaam/opwindend/positief omtrent die praktiese werk?


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

- Wat is gedurende die vervaardiging van die kunswerk geleer?

Voorbeeld van 'n aftiklys:

- Die opdrag moet in die bronboek geplak word.
- Maak seker die naam, ens., is op die voorblad van die bronboek.
- 'n Minimum van **een** bladsy van jou geskrewe voorstel/grondrede/intensie. Dit kan meer as een bladsy behels.
- Ten minste **vier** bladsye van navorsing en ondersoek van benaderings en/of idees, wat bronmateriaal moet insluit, bv. tekeninge, foto's, beelde, versamelde gedigte, lirieke en navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het. Alle materiale moet met die ontwikkeling van jou werk verband hou, asook jou besluite motiveer. Dit is belangrik om oorspronklike voorbereidings-/kompositoriese sketse en tekeninge, wat op jou bronne gebaseer is, te verpersoonlik en te skep.
- Ten minste **twee** kompositoriese tekeninge/plakskilderye/samestellings.
- Ten minste **een** bladsy waarin jy op skrif reflekteer oor wat jy ondervind het, hoe jy alles hanteer het en hoe jy jou projek voltooi het. Dit kan op verskillende bladsye wees, maar verkieslik naby die einde, omdat dit die finale insiggewende kommentaar oor jou intensies en bedoelings is.

ÉcoleBooks

# ADDENDUM B

## ONDERWERP 2

### Die maak van kreatiewe kunswerke, hantering van die proses en aanbieding; veilige praktyk

**Algemene riglyne**

Die praktiese komponent behoort:

- Beplan te word sodat praktiese werk ontwikkelend is vir elke graad en ook oor elke graad moet wees, en te verseker dat daar vordering van vaardighede en take is
- Toepaslik te wees t.o.v. die hulpbronne, materiale, toerusting en fasiliteite by 'n skool
- Ondersteun te word deur 'n leerder se bronboek
- Vir 'n verskeidenheid media, tegnieke, dissiplines en benaderings toelaat
- Met die leerder se eie ondervindings en konteks verband hou

**Idees vir die opstel van praktiese opdragte**

Formele, vaardigheidsgebaseerde en tegniese opdragte

- Persoonlike, ekspressiewe en 'vrye' opdragte
- Leerders gebruik 'n taakgebaseerde stimulus (woord, gedig, uittreksel, sinonieme, definisies, ens.)
- Leerders reageer t.o.v. 'n huidige gebeurtenis, 'n kwessie relevant tot die leerders se persoonlike ondervindings, ander visuele beelde (byvoorbeeld om 'n alternatief aan te bied) ens.
- Verskillende benaderings om beelde aanteken, bv. as waarneming, analise, uitdrukking en verbeelding
- Ondersoek van konvensies van figuurlike, voorstellende en abstrakte beelde
- Gebruik die volgende lys onderwerpe om projekte op te stel:
    - Menslike figuur
    - Portrette
    - Stillewe
    - Landskappe
    - Organiese en/of vervaardigde voorwerpe
    - Verbeelding
    - Mitologie

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

- Dekoratief
- Geskiedkundig

- **Dit is belangrik om direkte kopiëring uit tydskrifte, die Internet, ens. te verbied. Direkte kopiëring van 'n beeld wat nie die leerder se eie is nie, moet gepenaliseer word. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar. Dit is uiters belangrik dat die proses van transformasie van die bronmateriaal geplaas. Leerders mag egter gepaste beelde vanuit tydskrifte en ander bronne gebruik en dit met ander beelde kombineer om sodoende hulle eie interpretasies te skep.**

Voorsien leerders met die gepaste **geskrewe opdrag** en stel die leerders van die volgende feite in kennis voordat hulle met hulle werk begin:

- Die presiese doel of eindproduk wat van die taak verwag word m.b.t. medium, grootte, ens., waar onthou word om geleentheid te gee vir innoverende en persoonlike interpretasies
- Bronne beskikbaar vir verwysings/navorsing/ondersoeke/eksperimentasie
- Assesseringsprosedures wat gevolg moet word/kriteria wat gebruik kan word
- Presiese, nie-onderhandelbare sperdatums vir die inlewering van werk; kontrolepunte gedurende die proses
- Enige moontlike beperkings en/of riglyne vir die opdrag
- Toepaslike mediums, tegnieke en/of benaderings

**Opsies vir praktiese werk**

ÉcoleBooks

Teken is 'n verpligte deel van alle praktiese opsies in Visuele Kunste

Gespesialiseerde opsies sluit in: teken, skilder, beeldhouwerk, drukwerk, multi-media, fotografie, keramiekwerk, installasies, nuwe media, ens.

'n Gespesialiseerde fokusveld word aanbeveel om vooruitgang en ontwikkeling in die verskillende grade te verseker. Leerders moet egter aan ander gespesialiseerde opsies blootgestel word om sodoende hulle kreatiewe reis te verbreed en te verryk, bv. 'n gespesialiseerde fokus op skilder kan ander opsies insluit, soos 'n verkenning van drie-dimensionele kuns en nuwe media. Daar moet in gedagte gehou word dat die finale uitstalling 'n samehangende werkstuk moet verteenwoordig.

**Moontlike benaderings om te ondersoek**

- Persepsionele-/waarnemingsbenadering
- Abstraksie/Vereenvoudiging
- Analise en/of Sintese
- Kreatiewe merkmaak
- Konseptuele benadering
- Ekspressionisme

- Simbolisme

**Moontlike benaderings vir vordering in praktiese werk**

**GRAAD 10**

- Inleiding tot ‘n gespesialiseerde area.
- Begin met basiese vaardighede, tegnieke, materiale en temas.
- Stap-vir-stap-projekte en proseswerk
- Ondersoek van verskillende benaderings, soos byvoorbeeld persepsionele merkmaak, ens. om die leerder se woordeskat uit te brei

**GRAAD 11**

- Die moeilikheidsgraad van die praktiese take geleidelik te verhoog
- Meer tematiese projekte
- Meer individuele eksperimentering om aan individuele oplossings te voorsien
- Om die leerder se vaardigheid te wys om met die werk vanuit ‘n aanvanklike beginpunt tot verwesenliking vol te hou, insluitende bewyse van die leerder se navorsingsvaardighede en ontwikkeling van idees

**GRAAD 12**

ÉcoleBooks

- Oop opdragte wat die leerders toelaat om materiale, gereedskap, tegnieke, temas en prosesse te kies wat die beste by die uitdrukking van hulle individuele idees sal pas.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## Algemene benadering tot Visuele Kultuurstudies

- **Visuele geletterdheid** is onderliggend aan die studie van al die temas; daarom moet die studie van spesifieke kunswerke gebruik word om die geskiedkundige, politiese, sosiale en/of ekonomiese agtergrond van beskawings/style/bewegings van individuele kunstenaars, te verduidelik.
- Met die studie van kunswerke moet klem op die volgende geplaas word:
- Visuele geletterdheidsterminologie – hoe kunselemente help om betekenis en boodskap te kommunikeer
- Materiale en tegnieke
- Verskillende style, soos byvoorbeeld naturalisme, ekspressionisme, abstraksie, stilering, ens.
- Funksie van die werk
- Kontekstuele faktore
- Idees, betekenis en boodskap
- Skakels moet tussen internasionale en Suid-Afrikaanse kuns met betrekking tot invloede en ooreenkomste gemaak word, bv. styl, tegniek, benadering, om kuns as ‘n globale visuele kommunikasie te verstaan.
- Die leerders se gemeenskap en die Suid-Afrikaanse konteks moet met die keuse van temas en skakels wat gemaak word, verband hou.
- Leerders moet aan kunsuitstallings en gallerye blootgestel word, en moet erfenisterreine, monumente en ander plaaslike plekke van belang besoek
- Leerders moet aan populêre vorms van kultuur, bv. advertensies, rolprente, video’s, joernalistieke foto’s, spotprente, ens., blootgestel word, om sodoende skakels met die temas te vorm.
- Die temas laat die moontlikheid toe om leerders tematies te onderrig, bv. die studie van die menslike figuur deur die eeue (graad 10 en 11), of die studie van verskillende style van verteenwoordiging (naturalisme, simbolisme, abstraksie, ens.).
- Die temas in die graad 12-vakraamwerk kan ook gebruik word, in sommige gevalle, in graad 10 en 11, om die leerders ‘n groter verwysingsveld te bied, bv. kuns en politiek, geslagskwessies, ens.
- Vraestelle: gebruik die Nasionale graad 12 finale eksamenvraestel as riglyn om jou eksamenvraestel vir al jou grade op te stel. Vrae moet ongesiene visuele beelde insluit om die leerder se visuele analisevaardighede te toets. Hierdie beelde moet met die leerders se tema van studieveld verband hou, bv. tematies of stilisties, sowel as werke/bewegings/beskawings wat hulle bestudeer het.

**GRAAD 10**

Tema 1 is verpligtend; kies ten minste VYF temas van 2 – 8.

| | Tema | Inhoud | Moontlike skakels met Suid-Afrikaanse kuns |
|---|---|---|---|
| | | **Benadering: selekteer spesifieke kunswerke van verskillende beskawings/style vir 'n in-diepte-studie om die werking van hierdie kunswerke in die onderskeie gemeenskappe te illustreer. Sluit 'n minimum van vier kunswerke van elke tema in.** | **Benadering: om 'n begrip van die dinamiese inter-verwante natuur van kuns te skep. Dit moet nie 'n forseerde skakel wees nie, maar behoort die leerders se begrip van Suid-Afrikaanse kuns te verbreed en hoe dit beïnvloed was, en ooreenkomste met internasionale kuns te toon.**<br>**Die volgende is 'n paar moontlike voorstelle, maar onderwysers mag hulle eie relevante skakels maak. Waar moontlik, moet ten minste twee Suid-Afrikaanse voorbeelde gekoppel word.** |
| 1 | **Visuele analise en interpretasie** | Die **taal van kuns** deur 'n reeks kunswerke van verskillende dissiplines te bespreek en te beskryf (bv. 'n skildery, beeldhouwerk, afdrukke) waar gefokus word op:<br>• Formele elemente van kuns – lyn, kleur, vorm, fatsoen, tekstuur, toon<br>• Beginsels van ontwerp<br>• Materiale en tegnieke<br>• Styl<br>• Funksie van die werk<br>• Kontekstuele invloede<br>• Betekenisse en interpretasies<br>(Die doel is om te begin om die leerders toe te rus sodat hulle oor kunswerke kan gesels en skryf – toets oor ongesiene werke.) | • Sluit Suid-Afrikaanse voorbeelde in |
| 2 | **Afrika-kuns** | • Tradisionele Afrika-kuns<br>• San-rotskuns<br>• Antieke stede van Groter-Zimbabwe, Mapungubwe | • Die werk van Suid-Afrikaanse kunstenaars wat deur stilistiese en tematiese kunsvorms van hierdie tema beïnvloed was, bv. Sydney Kumalo, Walter Battiss, Cecil Skotness, Claudette Schreuders, Deborah Bell ens. |
| 3 | **Nie-Westerse kulture wêreldwyd** | • Inheemse Amerikaanse kuns<br>• Oseaniese kuns<br>• Asiatiese kuns, bv. Chinese, Japanese kuns | • Suider-Afrikaanse kunsvlyt en funksionele voorwerpe bv. kralewerk, mandjieweefwerk, ens.<br>• Seremoniële kunsprodukte |
| 4 | **Antieke beskawings** | • Mesopotamië<br>• Egipte | • Assiriese reliëfbeelde in die Voortrekkermonument<br>• Kuns as 'n uitdrukking van ideologieë en/ of geloofsisteme in Suid-Afrika |
| 5 | **Die klassieke wêreld** | • Griekse kuns<br>• Romeinse kuns | • Klassiek-beïnvloede beeldhouwerk en geboue, bv. Die Parlementsgebou in Kaapstad<br>• Suid-Afrikaanse werke wat 'n ooreenkomstige styl van uitdrukking of tema vertoon. |

EcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| | Tema | Inhoud | Moontlike skakels met Suid-Afrikaanse kuns |
|---|---|---|---|
| **6** | **Middel-eeuse en/of Islamitiese kuns** | • Vroeë Christen, Bizantynse, Romaneske, Gotiese kuns | • Hedendaagse plaaslike katedrale, tempels, moskees, sinagoges<br>• Kuns en spiritualiteit, bv. werk van Jackson Hlungwane, Wim Botha, ens.<br>• Kuns as verhaal, bv. Keiskamma-projek, John Muafangejo, strokiesprente ens. |
| **7** | **Renaissance** | • Ontwikkeling van Proto-Renaissance tot Mannerisme | • Vergelyk freskoskilderye met muurskilderye en graffiti in Suid-Afrika, Faith 47, Falco ens.<br>• Die werk van Suid-Afrikaanse kunstenaars beïnvloed deur ooreenkomstige naturalisme<br>• Tematiese skakels bv. kruisigings (Paul Harrison se *The Black Christ*, baie voorbeelde van Polly Street en Rorke's Drift ens.), die uitbeelding van vroulike en/of manlike figure, mitologiese temas (uitdrukking van Afrikamitologie in spesifieke kunswerke<br>• Aanwending van Renaissance-beelde, bv. Karen Miller |
| **8** | **Barok en Rococo** | • Barokkunstenaars van die Nederlande, Italië, Spanje, ens.<br>• Franse Rococo | • Tematiese skakels, bv. kuns in die allerdaagse lewe (Vermeer met werke deur Dorothy Kay, Gerard Sekoto, Tommy Motswai ens.), stillewe (van Irma Stern tot Andrew Putter)ens.<br>• Aanwending van Vermeer se beelde, bv. Helmut Starcke, Johannes Phokela |

ÉcoleBooks

**GRAAD 11**

Kies enige SES temas.

| | Tema | Inhoud | Moontlike skakels met Suid-Afrikaanse kuns |
|---|---|---|---|
| | | **Benadering: selekteer spesifieke kunswerke van verskillende beskawings/style vir 'n in-diepte-studie om die werking van hierdie kunswerke in die onderskeie gemeenskappe te illustreer. Sluit 'n minimum van vier kunswerke van elke tema in vanuit die gelyste bewegings/style.** | **Benadering: om 'n begrip van die dinamiese interverwante natuur van kuns te skep. Dit moet nie 'n forseerde skakel wees nie, maar behoort die leerders se begrip van Suid-Afrikaanse kuns en hoe dit beïnvloed was te verbreed, asook ooreenkomste met internasionale kuns toon. Die volgende is 'n paar moontlike voorstelle, maar onderwysers mag hulle eie relevante skakels maak. Waar moontlik moet ten minste twee Suid-Afrikaanse voorbeelde ingeskakel word.** |
| 1 | **Oorsig van die 19de eeu** (Uitsluitende Impressionisme and Post-impressionisme) | 'n Studie van ten minste drie van die volgende:<br>• Neo-Klassisisme<br>• Romantisisme<br>• Realisme<br>• Simbolisme | • Tematiese skakels tot Suid-Afrikaanse kuns, bv. Realisme geskakel met die uitdrukking van ontbering in 'township'-kuns; Neo-Klassisisme (Jacques-Louis David) geskakel met die politiese uitdrukkings van Weerstandskunswerke, propagandakuns |
| 2 | **Begin van Modernisme** | • Impressionisme<br>• Post-Impressionisme (Cézanne, Van Gogh, Gauguin) | • Stilistiese invloede van hierdie style op Suid-Afrikaanse kunstenaars, bv. Hugo Naude, Gerard Sekoto ens.<br>• Tematiese skakels tot Suid-Afrikaanse kuns, bv. uitdrukking van die allerdaagse wêreld, bv. Ephraim Ngatane, George Pemba ens. |
| 3 | **Vroeë 20ste eeu** | 'n Studie van ten minste drie van die volgende<br>• Fauvisme<br>• Ekspressionisme<br>• Kubisme<br>• Futurisme | • Stilistiese invloede van hierdie style op Suid-Afrikaanse kunstenaars, bv. Irma Stern, Pierneef ens.<br>• Tematiese skakels tot Suid-Afrikaanse kuns, bv. gebruik van kleur, ekspressiewe werke van Irma Stern, ens. |
| 4 | **Argitektuur** | 'n Oorsig van Modernisme to Dekonstruksie, bv.:<br>• Frank Lloyd Wright<br>• De Stijl<br>• Bauhaus en Internasionale Style<br>• Laat Modernisme/High Tech<br>• Post-Modernisme<br>• Dekonstruksie | • Suid-Afrikaanse voorbeelde, veral plaaslike voorbeelde |
| 5 | **Tussen die Wêreldoorloë** | • Dada<br>• Surrealisme<br><br>(Opsioneel: individuele kunstenaars wat nie tot spesifieke bewegings behoort nie, bv. Francis Bacon, Henri Moore ens.) | • Stilistiese invloede van hierdie style op Suid-Afrikaanse kunstenaars, bv. Alexis Preller ens.<br>• Die gebruik van fantasie deur landelike kunstenaars |

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| | Tema | Inhoud | Moontlike skakels met Suid-Afrikaanse kuns |
|---|---|---|---|
| 6 | **'n Opname van Post-1946 kuns** | 'n Studie van ten minste drie van die volgende<br>• Abstrakte Ekspressionisme<br>• Pop Art<br>• Op- en Kinetiese Kuns<br>• Minimalisme<br>• Super-realisme<br>• Neo-Ekspressionisme | • Stilistiese invloede van hierdie style op Suid-Afrikaanse kunstenaars, bv. Kevin Atkinson, Wayne Barker, Keith Dietrich ens. |
| 7 | **Nuwe media** | • Konseptuele kuns, insluitende Lyfkuns, Installasies, Uitvoerende kuns, Video en Digitale kuns | • 'n Wye reeks hedendaagse Suid-Afrikaanse kunstenaars om van te kies |
| 8 | **Die kunswêreld** | • Die werking van kunsgallerye<br>• Gallerye<br>• Resensies en artikels<br>• Die kunsmark<br>• Studie en loopbaangeleenthede<br>• Invloed van tegnologie op kuns | • Skakel met ten minste een besoek aan 'n kunsuitstalling en die skryf van 'n kritiese resensie oor die besoek<br>• Die rol van formele en informele kunsskole en kunsstigtings om kuns in Suid-Afrika te ontwikkel, bv. Polly Street, Rorke's Drift ens. |

ÉcoleBooks

**GRAAD 12**

Kies enige SES temas

| | Tema | Inhoud | International Influences |
|---|---|---|---|
| | | **Benadering: selekteer spesifieke kunswerke vanuit die verskillende kunstenaars/argitekte vir 'n in-diepte-studie om die werking van hierdie kunswerke in die onderskeie gemeenskappe te illustreer. Kies 'n minimum van twee kunstenaars en twee werke vir elke tema. (L.W. die voorgestelde lys is nie verpligtend of alomvattend nie – onderwysers mag hulle eie gepaste voorbeelde kies)** | **Benadering: om 'n begrip van die dinamiese interafhanklike aard van kuns te skep. Die volgende is 'n paar moontlike voorstelle, maar onderwysers mag hulle eie relevante skakels maak.** |
| **1** | **Die stem van opkomende kunstenaars** | • Gerard Bhengu<br>• Pierneef<br>• Hugo Naude<br>• Maggie Laubser<br>• Peter Clarke<br>• Gladys Mgudlandlu<br>• George Pemba<br>• Gerard Sekoto<br>• Michel Zondi<br>• Polly Street met kunstenaars soos Ephrian Ngatane, Durant Sihlali | • Kuns vanuit Afrika<br>• Impressionisme<br>• Post-Impressionisme<br>• Ekspressionisme<br>• Ander Vroeë Moderne style |
| **2** | **Suid-Afrikaanse kunstenaars wat deur Afrika en/of inheemse kunsvorms beïnvloed was** | • Irma Stern<br>• Walter Battiss<br>• Alexis Preller<br>• Cecil Skotnes<br>• Helen Sebidi<br>• Sydney Kumalo<br>• Eduardo Villa<br>• Andries Botha<br>• Walter Oltman | • San rotskuns<br>• Afrika-stamkuns<br>• Ndebele-argitektuur en-muurversierings<br>• Duitse Ekspressionisme<br>• Kubisme |
| **3** | **Sosio-politieke kuns – insluitende Weerstandskuns van die 70s en 80s** | • Willie Bester<br>• Norman Catherine<br>• Sifiso Ka Mkame<br>• William Kentridge<br>• Manfred Zylla<br>• Gavin Younge<br>• Helen Sebidi<br>• Paul Stopforth<br>• Sue Williamson<br>• Gemeenskapskuns Projek (CAP), Kaapstad<br>• Asook muurskilderye, plakkate | Enige spesifieke kunstenaars en/of kunswerke by politiese en/of sosiale ongeregthede betrokke:<br>• Goya, David, Delacroix<br>• Grosz, Dix, Beckman<br>• Kollwitz<br>• Mexikaanse Muurskilderykunstenaars – Rivera, Siqueiros, Orozca<br>• Picasso *Guernica*<br>• Leon Golub |

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| | | | |
|---|---|---|---|
| **4** | **Kuns, kunsvlyt en geestelike werke hoofsaaklik uit landelike Suid-Afrika** | • Jackson Hlungwane<br>• Noria Mabasa<br>• Trever Makhoba<br>• Credo Mutwa<br>• Bonnie Nthshalishali/Ardmore Studio<br>• Rorke's Drift met kunstenaars soos John Muafangejo, Azaria Mbatha, Allina Ndebele ens.<br>• Nesta Nala<br>• Rebecca Matibe<br>• Reuben Nndwandwe | • Afrika Rituelekuns en kunsprodukte<br>• Ekspressionistiese drukkerswerk |
| **5** | **Multi-media en Nuwe Media – alternatiewe hedendaagse en populêre kunsvorms in Suid-Afrika** | • Kendell Geers<br>• William Kentridge<br>• Jan van der Merwe<br>• Clive van den Berg<br>• Berni Searle<br>• Kay Hassan<br>• Robin Rhode<br>• Willem Boshoff<br>• Muurskilderye, plakkate, ens. | • Konseptuele Kuns<br>• Installasies<br>• Uitvoerende kuns<br>• Digitale-kuns<br>• Videokuns |
| **6** | **Post-demokratiese identiteit in Suid-Afrika (insluitende kwessies van taal, ras, globalisasie, verstedeliking in die nuwe Suid-Afrika)** | • Beezy Bailey<br>• Berni Searle<br>• Thembinkose Goniwe<br>• Senzeni Mthethwa<br>• Churchill Madikida<br>• Conrad Botes<br>• Anton Kannemeyer<br>• Nontsikelelo Veleko<br>• Hasan and Husain Essop<br>• Zwelethu Mthetwa<br>• Claudette Schreuders<br>• Brett Murray<br>• Wim Botha<br>• Mustafa Maluka<br>• Johannes Phokela<br>• Marlene Dumas<br>• Asook populêre kunsvorms bv. Bitterkomix | • Pop Art<br>• Neo-ekspressionisme<br>• Hedendaagse globale kunstenaars |

ÉcoleBooks

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7 | **Geslagskwessies: manlik en vroulik** | • Jane Alexander<br>• Penelope Siopis<br>• Faiza Galdhari<br>• Langa Magwa<br>• Lisa Brice<br>• Nandipho Mntambo<br>• Mary Sibande<br>• Pierre Fouche<br>• Nicholos Hlobo | • Frida Kahlo<br>• Georgia O'Keefe<br>• Feministiese Kuns in die VSA, bv. Miriam Shapiro, Judy Chicago (Dinner Party)<br>• Tracey Emin<br>• Gilbert & George<br>• Jenny Saville<br>• Kiki Smith |
| 8 | **Argitektuur in Suid-Afrika** | Uitstaande plaaslike voorbeelde van argitektuur<br>Oorweeg:<br>• Gedenkgeboue en monumente (bv. Voortrekkermonument 1948 – Afrikaner-Nasionalisme)<br>• Nasionale hedendaagse bekroonde Suid-Afrikaanse argitekte (sien *10 years and 100 buildings Architecture in a democratic South Africa, ISBN 978-0-9814200-3-5)* | Tendense in wêreldargitektuur bv.<br>• Internasionale style<br>• High Tech<br>• Post-modernisme<br>• Dekonstruksie |

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## WOORDELYS

**Visuele geletterdheid**: Die eerste vlak van visuele geletterdheid is eenvoudige **kennis**: basiese identifikasie van die onderwerp of elemente in kunswerke. Maar, alhoewel akkurate inligting belangrik is, is die **verstaan** van wat ons sien en die **begrip** van visuele verhoudings, net so belangrik. Hierdie hoër vlak van visuele geletterdheidsvaardighede vereis kritiese denke.

**Formele analise**: 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele elemente, soos byvoorbeeld lyn, kleur, komposissie, ens. in 'n kunswerk.

**Visuele analise**: Dit is 'n formele analise, maar sluit ook in: styl, tegniek, kontekstuele invloede, betekenis en interpretasie.

Die volgende is 'n paar van die sleutelkonsepte wat leerders in kunswerke aan die einde van graad 10 moet verstaan, identifiseer en verduidelik:

Formele elemente van kuns:

- Lyn (verskillende kwaliteite van lyne, kontoerlyne, ens.)
- Twee- en drie-dimensionele vorm: (positiewe en negatiewe vorms, organies en nie-organies)
- Toonwaardes (chiaroscuro)
- Tekstuur (geïmpliseerde en tasbare teksture)
- Kleur (kleurteorie, bv. primêre, sekondêre, komplementerende, tersiêre, monochromaties, koel en warm kleure en hulle invloed op 'n kunswerk)
- Ruimte (lyn en oorhoofseperspektief)
- Patroon
- Beginsels van ontwerp (byvoorbeeld as 'n eenheid, ritme, beweging, proporsie, klem, kontraste)
- Komposisie en fokuspunt
- Verskillende mediums van kunswerke (olieskildery, marmerbeeldhouwerk, etse, ens)
- Tegnieke (bv. saamgesmelte areas of defnitiewe kwaswerk in 'n skildery; kerfwerk of modellering in beeldhouwerk, ens.)
- Style soos naturalisme, ekspressionisme, stilering, simbolisme, abstrak)
- Frontaliteit, distorsie/vervorming, simplifikasie/vereenvoudiging
- Westerse kuns, Nie-Westerse kuns, Inheemse kuns

**Die volgende is sommige van die sleutelkonsepte wat leerders in kunswerke aan die einde van hierdie grade moet verstaan en moet kan identifiseer en verduidelik:**

- Alle konsepte soos genoem in graad 10
- Terme van die studie van graad 11-inhoud, soos funksionalisme, modernisme, formalisme, aksieskilderye, collage/plakskildery, samevoeging, gemengde media, installasies, ens.

**Die volgende is 'n paar van die sleutelkonsepte wat leerders in kunswerke aan die einde van hierdie grade moet verstaan en moet kan identifiseer en verduidelik:**

- Al die konsepte vir graad 10 en 11 genoem
- Terminologie van die studie van die graad 12-inhoud, soos weerstandskuns, propagandakuns, bewilliging, die 'afgeskeepte tradisie', ens.

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**LOOM**

BEDFORD, E. 2004. *A Decade of Democracy South African Art 1994-2004: from the permanent collection of Iziko: SA National Gallery*. Cape Town: Double Storey Books

BERMAN, E.1993. *Painting in South Africa*. Halfway House: Southern Books

COETZEE, E. *Craft Art in South Africa* ISBN Standard Edition 1-86872-768-8

GEERS, G. (ed.) 1997.*Contemporary South African Art: the Gencor Collection.* Jonathan Ball 1997

HOBBS, P. & RANKIN E. 2003. *Rorke's Drift, Empowering prints.* Cape Town: Double Storey Books

HOBBS, P. et al. 1999. *Printmaking Resource. Live Art series. Johannesburg: MTN Art Institute.*

HUNTLEY, M. 1992. *Art in Outline 1: an introduction to South African Art.* Cape Town: Oxford

HUNTLEY, M. 1994. *Art in Outline 2: from rock art to the late 18th century.* Cape Town: Oxford

MILES, E. 1997. *Land & Lives: A story of early black artists*. Cape Town: Human & Rousseau

MILES E. 2004. *Polly Street: The story of an Art Centre.* Ampersand Foundation

SCOTT, G. 1998. *Ardmore: an African Discovery*. Vlaeberg: Fernwood Press,

WILLIAMSON, S. & A. JAMAL 1996. *Art in South Africa: the future the present.* Cape Town: David Philip

WILLIAMSON, S. 1989. Res*istance Art.* Cape Town: David Philip

WILLIAMSON, S. 2009. *South African Art Now.* Harper Collins Publishers

YOUNGE, G. 1988. *Art of the South African Townships.* London: Thames & Hudson

10 YEARS AND 100 BUILDINGS: *Architecture in a democratic South Africa* ISBN 978-0-9814200-3-5

10 YEARS 100 ARTISTS: Art in a democratic South Africa (Bell Roberts) ISBN 1770070893

150 SA PAINTINGS PAST AND PRESENT: Lucy Alexander & Evelyn Cohen (Struik) ISBN 0 947458 25 5

ARCHITECTURE NOW: Philip Jodidio (Italy) ISBN 3-8228-6065-4

AN INTRODUCTION TO AFRICAN ART - *Teachers resource book* – IBHABHATHANE PROJECT – Western Cape Education Department

ART FROM THE AFRICAN CONTINENT – an African Art Resource. MTN Art Institute

ART IN OUTLINE - 1 and 2 Merle Huntley (OUP) Thames & Hudson series

HEAVEN'S THINGS: a story of the /Xam: Pippa Skotnes (UCT Press) ISBN 1-919713-41-7

A HISTORY OF MODERN ART: Ed. H Arnason (Thames & Hudson) ISBN 0 50023106 0

PICASSO AND AFRICA Eds. L Madeline & M Martin (Bell Roberts) ISBN 0 620 35721 5

THE NEW WENDY COLMAN VISUAL CULTURE SERIES (All Copy Publishers)

THE PRINCIPLES OF ARCHITECTURE: STYLE, STRUCTURE, DESIGN: Ed. Michael Foster (Mallard Press) ISBN 0-792-45190-2

ZAHA HADID COMPLETE WORKS ISBN 978-0-8478-3301-6

**WEBLYS:**

http: //www.cama.org.za/southafr/art.htm

http: //www.sanlam.co.za/

http: //library.thinkquest.org/18799/jale.html

http: //www.mg.co.za/mg/art/fineart/archive/fineart-history.htm

http: //www.artthrob.co.za/00sept/index.html

http: //www.artslink.co.za/

http: //www.artnews.co.za/html/home.html

http: //www.artdaily.com

http: //www.artfinder.com

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| Visuele Kunste JAARLIKSE PUNTETABEL GRAAD 10 EN 11 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| JAAR: | KWARTAAL 1 | | | | | KWARTAAL 2 | | | | | KWARTAAL 3 | | | | | KWARTAAL 4 | | | | |
| | ONDERWERP 1 | ONDERWERP 2 | TOTAAL | ONDERWERP 3 | KWARTAAL TOTAAL | ONDERWERP 1 | ONDERWERP 2 | TOTAAL | ONDERWERP 3/ EKSAMEN | KWARTAAL TOTAAL | ONDERWERP 1 | ONDERWERP 2 | TOTAAL | ONDERWERP 3 | KWARTAAL TOTAAL | SGA PUNT | PRATIESE EKSAMEN | TEORIE-EKSAMEN | RETROSPEKTIEWE UITSTALLING | FINALE TOTAAL |
| **LEERDER SE NAAM** | 50 | 50 | 100 | 50 | **150** | 50 | 50 | 100 | 100 | 200 | 50 | 50 | 100 | 50 | **150** | 100 | 100 | 100 | 100 | **400** |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

**Visuele Kunste GRAAD 10 LESPLAN**

**ONDERWYSER**: ________________________________________**SKOOL**: ____________________________________________**JAAR**: _________

**KWARTAAL 1, 2, 3, 4**

| WEEK | ONDERWERPE/ AKTIWITEITE | INHOUD EN KONTEKS | HULPBRONNE | ONDERWYSER-AKSIE | LEERDER-AKSIE | LEERGRENSE | ASSESSERING | REFLEKSIE | DATUM VOLTOOI |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | HANDBOEK | | | | | | |
| | | | ANDER | | | | | | |
| | | | HANDBOEK | | | | | | |
| | | | ANDER | | | | | | |
| | | | HANDBOEK | | | | | | |
| | | | ANDER | | | | | | |
| | | | HANDBOEK | | | | | | |
| | | | ANDER | | | | | | |

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM